DUBE
PRIVATE GAME RESERVE

S.A.W.A. Rietvallei

19 – 21 AUGUSTUS 2017
AJV

Die seniors kamp al reeds in die week, die res van die streek sluit Vrydag by hulle aan. 'n Totaal van 22 waens kamp saam.
Vrydagaand word daar heerlike vetkoeke met maalvleis verkoop. Die wind is maar koud en na boekevat word daar nie baie lank buite gekuier nie.

Saterdag oggend 9 uur begin Rietvallei se 12de AJV. 49 lede woon dit by. Elkeen bring 'n blikkie kos saam as toegangsfooi wat aan Horison Sorgsentrum oorhandig sal word, saam met die jaar se kollektegeld. Dankie Rietvalleiers!!

Wayne lê sy voorsittersverslag voor en kampkommandante vir 2018 word sommer vinnig en maklik aangewys. Die nuwe bestuur vir die volgende jaar word verkies en toekennings vir die jaar word oorhandig. Voorsitter van Jakaranda Gebied, Jannie vd Berg kom sê ook 'n paar woorde. Tannie Elmarie deel die sjokolade uit vir die wat verjaar het en die huweliks herdenkings wat gevier word. Teen 11 uur is die vergadering verby.

Tannie Elmarie berei 'n tafel voor met 'n verskeidenheid brode en smere. Elkeen bring sy eie sop en die Rietvalleiers kuier heerlik met sop, sjerrie en broodjies. Die res van die middag word daar rustig by die waens gekuier en die aand gebraai.

Sondag oggend vroeg verlaat 'n paar lede ons op 'n private toer Kaap toe. Kiepersol streek kom hou saam met ons erediens in die saal. Magdaleen praat oor Psalm 23. Daarna word die AJV naweek afgeluit met 'n poeding tafel, en was dit nou heerlik!! Toe word daar opgepak en terug gesleep huis toe.

Oom Pieter (regs) oorhandig die Rietvalleier van die Jaar trofee aan Tjaart Klaasen vir al sy harde werk met die gemeenskaps projekte.

Wayne Botha (regs) oorhandig Streek meriete toekenning aan tannie Margriet van den Berg vir haar besondere werk t.o.v. die seniors.

Oom Pieter en tannie Elmarie le Roux (middel) ontvang die Rietvalleier Senior van die Jaar trofee.

100% bywoning vir die jaar. Baie geluk!
vlnr: Pieter & Elmarie le Roux en Johan & Rina van Zyl

Ben en Alta van Eeden (regs) ontvang Erelidmaatskap by Sawa.

Wayne (links) oorhandig aan Johan & Rina van Zyl en Dries Engelbrecht hul 10 Streek aansporingsplaatjies

Wayne (links) oorhandig aan tannie Linda van Vuuren haar 100 Algemene aansporingsplaatjie

Wayne (links) oorhandig oom Neels en tannie Rina de Klerk hulle 150 Algemene aansporingsplaatjie.

Wayne (links) oorhandig aan Zieg en Annetjie Maritz hul 175 Algemene aansporingsplaatjie.

Kampkommandante vir die naweek.
vlnr: Magdaleen & Pieter Viljoen, Elmarie & Pieter le Roux, Margriet & Wim van den Berg en Wayne Botha.

2018 Rietvallei Streek Bestuur
vlnr: Wayne Botha, Pieter Viljoen, Pieter le Roux, Tjaart Klaasen, Margriet van den Berg

Rietvalleiers by die 2017 AJV te Dube

Rietvalleiers kuier saam met sop, sjerrie en broodjies

Wayne (links) en Rudi (regs) saam met Rudi se gaste vir die naweek:
Anne-Marie & Gerrit Klopper en Susan & Pieter du Preez

Tafel vol poeding ter afsluiting van die AJV naweek.